| | |
|---|---|
| Reportable: | YES / NO |
| Circulate to Judges: | YES / NO |
| Circulate to Magistrates: | YES / NO |
| Circulate to Regional Magistrates: | YES / NO |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (Noord-Kaapse Afdeling)

**Saakno: K/S 64/2005**

**Datum gelewer: 27/02/2006**

In die saak:

**Die Staat**
**SectionI.1**

versus

**SectionI.2FLORIS STRAUSS**

***Coram:*** Kgomo RP

---

## UITSPRAAK

---

***Kgomo RP:***

1. Die Beskuldigde is op die 18de April 2005 in die Upington Streekhof skuldigbevind deurdat hy geslagsgemeenskap gehad het met 'n 22-jarige vrou, want naamloos moet bly, wat onbevoeg was om geldige toestemming daartoe te gee vanwee haar verstandelike gestremdheid. Gevolglik het die Landdros die verrigtinge gestaak aangesien sy van oordeel was dat 'n vonnis wat die strafbevoegdheid van die streekhof oorskry geoorloof is ingevolge die bepalings van die Strafregwysigingswet 105 van 1997. Ek is oortuig dat die skuldigbevinding ooreenkomstig die reg geskied het.

2. Dr George Isaacs het getuig dat hy 'n huisarts is in die deeltydse diens van die Staat as Forensiese Mediese beampte. Op 5 Augustus 2005 het hy op versoek van die polisie die klaagster in sy spreekkamers te Upington ondersoek:
   2.1. Sy bevinding was dat die klaagster total onvanpas reageer het op vrae, geen benul van plek of tyd gehad het nie en total ongeinhibeerd opgetree het teenoor vreemdelinge. Dat sy 'n

erge gemoedsversteuring openbaar het met erge rusteloosheid en soms onbeheerste taalgebruik openbaar het. Haar konsentrasievermoë was feitlik zero;

2.2. Die dokter bevind verder dat die klaagster aan die aangebore siekte bekend as Down's Sindroom ly, met die verstandelike vermoë van 'n kind van onder 3-jaar. Met ander woorde sy is erg verstandelik vertraag en nie in staat om enige rasionele besluite te neem nie. Sy was ook nie in staat om die implikasies van haar gedrag te verstaan nie;

2.3. Die dokter beskryf Down's Sindroom as 'n siekte wat ontstaan weens 'n genetiese afwyking en word gekenmerk deur fisiese afwykings asook wisselende grade van verstandelike vertraging sedert geboorte;

2.4. Kortliks, volgens die dokter, sou klaagster dus nie geldige toestemming tot geslagsgemeenskap kon gee nie.

3. Mnr Johan Saayman, 'n ervare sielkundige het 'n psigometriese evalusie op die klaagster uitgevoer. Hy het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die klaagster erg verstandelik gestermd is en dat klaagster gevolglik geensins in staat is tot verantwoordelike besluite nie. Hy meen ook dat selfonderhoudende versorging nooit vir die klaagster moontlik sal wees nie en slegs onder verantwoordelike toesig kan funksioneer.

4. Van groot belang ook was die getuienis van die beskuldigde se jonger broer, Joseph Strauss, wat die beskuldigde op heterdaad betrap het waar hy geslagsgemeenskap met die klaagster gehou het en sy misnoë teenoor hom uitgespreek het. Hy sÍ dat dit alom bekend was dat die klaagster se "kop van kleinsaf nie reg vat nie" en dat die beskuldigde terdeë daarvan bewus was.

5. Die klaagster se suster bevestig die getuienis van die beskuldigde se broer insoverre dit haar verstandelike gestremdheid aan betref. Sy sÍ dat klaagster niks vir haarself kan doen nie en dat sy, wat klaagster se suster is, alles vir haar doen. Sy kan haarself nie was nie, sy wat haar suster is, was haar, trek haar klere aan en voed haar soos 'n baba. As sy haar menstruasie kry sÍ sy haar maag werk. Die klaagster het daarom nooit skool gegaan nie.

6. Dit is gemenesaak dat die beskuldgde en klaagster se families deurgangs naby mekaar gebly het en vir mekaar gekuier het. Die Streeklanddros se bevinding was dus korrek dat al die genoemde objektiewe feite (wat nie volledig hierin genoem word nie) dui onteenseglik daarop dat die beskuldigde subjektief daarvan bewus was dat iets groots verstandelik met klaagster verkeerd was.

7. Ek maak al hierdie opmerkings om aan te dui dat beskuldigde geen berou met die voer van sy saak getoon nie. Hierdie is ‘n geval wat hy moes erken het dat hy ‘n oordeelsfout began het en skuldig gepleit het. Maar hy het besluit om infame leuens te vertel en selfs getuienis te fabriseer.

   7.1. Hy hou valslik voor dat hy en klaagster vir drie jaar openlik en met haar familie se medewete as man en vrou by sy eie huis gebly het;

   7.2. Hy sĺ verder dat klaagster aan geen verstandelike gebrek ly nie en dat sy deurgangs oordeelkundige en onafhanklike besluite kon neem;

   7.3. Hy vertel verder leuens dat hy vasgestel het by een van klaagster se gewese onderwysers, ‘n Mnr Bezuidenhout, dat klaagster tot in standard 2 op skool gevorder het en dat sy slegs in 1997 die skool, Grootmier Laer PrimÍre Skool, verlaat het. Klaagster se suster getuig dat die enigste Mnr Bezuidenhout wat ooit by die genoemde skool onderwys gegee het het eers in 2000 daar aangesluit;

   7.4. Beskuldigde bou hiervolgens sy leuens verder op deur ‘n valse brief op te stel waarin die klaagster glo in haar eie handskrif sou geskryf het hoe sy hom lief het en R350,00 van hom ontvang het. Die vervalste brief was ingehandig as bewysstuk “E”. Hierdie brief is deur ‘n redelike ingeligde persoon geskryf. As klaagster dit geskryf het beteken dit dat al die persone waarna vroeër verwys is en nog ander wat op hierdie punt getuig het ‘n komplot saamgesmee het om die beskuldigde in die moeilikheid te kry. Syne is ‘n vergesogde opgemaakde weergawe wat teen hom tel.

8. Indien die beskuldigde op een of twee van die aspekte wat hieronder volg die waarheid gepraat het kan dit net as verswarend teen hom aangemerk word. Hy sĺ dat hy standard 9 (Graad 11) op skool geslaag het en dat hy ondersoek aangaande die klaagster se skoolloopbaan ingestel het. Dit was vir hom maklik om die inligting te bekom aangesien hy die voorsitter van die genoemde skoolbeheerliggaam sedert 1997, blykbaar tot April 2004, was. Hy sĺ ook dat hy die sekretaris van ‘n tak van die African National Congress is. ‘n Mens verwag nie

van so ‘n redelike opgevoede, ingeligde en sogenaamde verantwoordelike persoon om geslagsomgang met ‘n vrou te hÍ, aldus beskuldigde se broer en klaagster se suster, wie “se kop nie reg vat nie”. Haar toestand was ooglopend en voordiehandliggend die van ‘n erg verstandelike vertraagde.

9. Ek vind dit besonder laakbaar dat dit nou op die lappe gekom het dat die beskuldigde by die klaagster ‘n kind in 1990 gewek het toe sy nog maar ‘n kind van ongeveer 16-jaar was. ‘n Kind is gebore maar klaagster weet of verstaan dit nie. Haar suster maak die kind groot en ontvang ‘n Staatstoelae namens die kind en/of die klaagster. Beskuldigde onderhou nie die kind nie. Alles dui daarop dat hy vir baie jare die klaagster mishandle en inderwaarheid verkrag het. Hy erken dat hy voor 1992 met klaagster gemeenskap gehad het en staaf dus klaagster se suster se getuienis dat sy kind by klaagster in 1990 gebore is. Die enigste troos is dat die kind normaal en gesond is.

10.

11.

12.

13.

**F D KGOMO**
**REGTER-PRESIDENT**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| Nms die Staat: | Adv C G Jansen<br>Nms Direkteur van Openbare Vervolgings, Kimberley |
| Namens Beskuldigde:<br>(i)<br>**(ii)** | Adv R Pieterse<br>Nms die Regshulpraad, Kimberley |